GEREFORMEERDE KERK
BLOEMFONTEIN-NOORD
15 OKTOBER 1961 - 15 OKTOBER 2011
50 JAAR VAN GENADE

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

FOTOBEELD

INHOUD

Klik op die onderstreepte gedeelte van die skakel om die spesifieke deel te lees.
Om die hele artikel te lees, klik op die pyltjie regs onder op u skerm om die blaaie te volg

KOMMISSIE
EMBLEEM
FEESLIEDERE
KANTATE
KERKRAAD
PREDIKANTE
SKRIFLESING
GEDENKSTEEN
GEDENKALBUM
FEESDINEE
FEESBOODSKAPPE
KINDERKUNS
GEDENKSTENE
PREDIKANTE AAN DIE WOORD
NAGMAALSDIENS
Mev SNYMAN SE BOODSKAP
KORT GESKIEDENIS

OORSPRONKLIKE ARTIKEL WAT NA DIE KERKBLAD GESTUUR IS.

DIE GEREFORMEERDE KERK BLOEMFONTEIN-NOORD 50-JAAR OUD

Gerrit Kruger

Die gemeente van Bloemfontein-Noord het op 15/16 Oktober 2011 sy 50-jarige bestaan luisterryk herdenk.

Die fees het amptelik afgeskop toe die reëlingskomitee op 6 Junie 2010 sy eerste beplanningsvergadering gehou het.

Kommissie

Voor: Henda Smit, Gerrit Kruger, Jannie Venter
Agter: Francois Venter, ds Kobus Botha, Ryno Opperman, Wikus Vorster en Charles Kotzé

Terug na inhoud

Hierna het die dinge gebeur en op 19 November 2010 is die eeste stap geneem toe die feesembleem,

GEREFORMEERDE KERK
BLOEMFONTEIN-NOORD
15 OKTOBER 1961 - 15 OKTOBER 2011
50 JAAR VAN GENADE

Terug na inhoud

ontwerp deur br Hendrik Fritz, 'n gemeentelid en grafiese kunstenaar, bekend gestel is.

Bydraes en gedagtes is uit die gemeente gevra en so is op die gedagte van feesliedere gekom Om tydens die fees te sing. Spontane bydraes is gevra, en weer het 2 lidmate gereageer, sr Hettie Vorster en br Dave Lubbe. Sr Hettie, wat voorheen kinder- en kortverhale geskryf het en br Dave, 'n hoogleraar in Rekeningkunde aan die Vrystaatse Universiteit en 'n kompetisie-wenner van Huisgenoot se Tempo-liedjiekompetisie het met die volgende 2 liedere vorendag gekom:

GODS GENADE IS ONEINDIG GROOT

©Liriek: Hettie Vorster
Wysie:"Battle Hymn of the Republic"

In Bloemfontein se Noorde is 'n ware Dopperkerk
Vir vyftig jaar reeds word hier hard en ywerig gewerk
Om God se Koninkryk steeds verder uit te bou
En ons dank Hom vir Sy trou
Loof en Prys Hom , Halleluja!
Loof en Prys Hom , Halleluja!
Loof en Prys Hom , Halleluja!

VYF DEKADES VAN GENADE

©Liriek: Dave Lubbe © Melodie: Karien Jordaan

1

Soms was die paaie moeilik
Soms vreugde–soms bedroef
Maar oor die vyf dekades
U genade was genoeg
U het oor die geslagte
Van die wieg tot by die graf
Ons gevoed met U beloftes
Ons laat lewe deur U krag
Ons bely ons kleinheid Here
Net 'n stoffie aan die skaal

3

Die poorte van die bose
Verdof ook soms die sin
Maar in U Vaderhande
Sal hulle nooit oorwin
Ons bid dat in die toekoms
U die bruidskerk hier sal lei
Ons wyd U lig sal uitstraal
Ons U grootheid sal bely
Geslagte het gekom
En geslagte sal ook gaan

Gods Genade^is oneindig groot

Predikante het gekom, predikante het gegaan
Die gemeente het nog altyd standvastig voortbestaan
Die Vader en die Seun en ook die Heilige Gees
Sal altyd by ons wees
Loof en Prys Hom , Halleluja!
Loof en Prys Hom , Halleluja!
Loof en Prys Hom , Halleluja!
Gods Genade^is oneindig groot

In Geloof en Hoop en Liefde daarin lê ons groot krag
Daardeur kan ons elke dag gelowig meer vermag
Ons sal Sy Woord bly glo met ons hart gerig na Bo
Want ons is God se kinders
Loof en Prys Hom , Halleluja!
Loof en Prys Hom , Halleluja!
Loof en Prys Hom , Halleluja!
Gods Genade^is oneindig groot

Bewaar ons deur u liefde
Totdat u ons kom haal

Ons dank en loof en eer U
as ons U hulde bring
Net klein word voor U almag
Vir u 'n lofsang sing

2.

Ons Vader U is magtig
Ons Skepper U is groot
Ons Trooster in die lewe
Ons Trooster deur die dood
Ons Here Jesus Christus
U kruisdood was die hoop
Vir elke sondaar skepsel
Vry deur U bloed gekoop
Laat ons tog nooit alleen nie
Laat u Gees in ons bly
Ons Voorspraak en ons Trooster
Vir ewig – ewig vry

Ons dank en loof en eer U
as ons U hulde bring
Net klein word voor U almag
Vir u 'n lofsang sing

Hou tog ons oog gevestig
Want U droog elke traan

Ons dank en loof en eer U
as ons U hulde bring
Net klein word voor U almag
Vir u 'n lofsang sing

Die 2 liedere is gereeld geoefen en tydens die fees by al die geleenthede gesing.

Terug na inhoud

Die Kantate "Vyftig Jaar van Genade", saamgestel deur Charles Kotze, 'n ouderling van die gemeente, was op 15 Oktober 2011 die openingsgeleentheid van die fees. Die Kantate het die Vyftigjarige bestaan aangedui en getoon hoe die hand van genade van ons Hemelse Vader in die geskiedenis van die gemeente voortdurend opgemerk kon word. Die verskillende stemme is behartig deur ds Kobus Botha, Wikus Vorster, Charles Kotze en Rina-Maria Schepers (almal lidmate). Die sang en sangbegeleiding is gedoen deur Susan Conradie en haar sanggroep, almal deel van die groep wat die sangbegeleiding hanteer tydens die gemeente se Jeugdienste, en 'n spreekkoor wat uit studente en katkisante vanuit die gemeente bestaan. Die soliste wat opgetree het tydens die aand is die bekende gospelsanger ds Jan de Wet en 'n plaaslike kunstenaar van Bloemfontein Daneel van Wyk. Die hele Kantate was 'n belewenis en is deur ongeveer 250 mense in die Eeufeessaal van die Hoërskool Sentraal bygewoon.

Daarna het die gemeente lekker saam gekuier tydens 'n bring-en-braai in die lapa van Sentraal.

Terug na inhoud

Die Sondagoggend het die Kerkraad en die vorige predikante van die gemeente bymekaar gekom vir 'n fotosessie.

In die voorste ry: Vanaf vierde van links: Di Theuns Potgieter, de Wet Kruger, Kobus Botha en dr Hubrecht van Dalsen

Terug na inhoud

Mev Drieks Snyman, eggenote van ds Lood Snyman, die eerste predikant, het siek geword in die weke voor die fees en kon op doktersadvies nie kom nie. Die ander vier predikante betrokke by die gemeente was almal teenwoordig met hulle gades:

Vlnr: Ds Theuns en Elna Potgieter, Dr Hubrecht en Rita van Dalsen, Ds de Wet en Christina Kruger, ds Kobus en Ester Botha

Terug na inhoud

Die verrigtinge die oggend het bestaan uit die nagmaalsdiens waar ds Kobus Botha voorgegaan het. Sy prediking vir het gekom uit 2 Korintiërs 4 verse 7 – 11:

" 'n Skat in kleipotte

[7]Ons wat hierdie skat in ons het,
is maar kleipotte wat maklik breek; die

krag wat alles oortref, kom dus van God,
nie van ons nie.
[8]In alles word ons verdruk,
maar ons is nie teneergedruk nie;
ons is oor raad verleë
maar nie radeloos nie;
[9]ons word vervolg
maar nie deur God verlaat nie,
op die grond neergegooi
maar nie vernietig nie.
[10]Die sterwe van Jesus
dra ons altyd saam in ons liggaam,
sodat ook die lewe van Jesus
sigbaar kan word in ons liggaam.
[11]Voortdurend word ons wat lewe , ter
wille van Jesus uitgelewer aan die dood,
sodat ook in ons sterflike bestaan die lewe
die lewe van Jesus sigbaar kan word."

Terug na inhoud

Daarna is die Gedenksteen onthul deur ds Kobus Botha bygestaan deur ouderling Piet Mosca wat die steen geskenk het:

Terug na inhoud

Hierna is die Halfeeufeesgedenkalbum bekendgestel deur dr Jannie Venter, die eindredakteur:

Jannie Venter aan die woord tydens die bekendstelling van die Gedenkalbum.

Terug na inhoud

Dit is gevolg deur boodskappe van mev Drieks Snyman, voorgelees* deur ds Botha, ds De Wet Kruger, dr Hubrecht van Dalsen en ds Theunis Potgieter (almal oud-leraars) en ds Gert Terblanche van die NG Gemeente Berg-en-Dal, ons buurgemeente.

Terug na inhoud

Die verrigtinge is afgesluit met ‘n feesdinee in die skoolsaal van Willem Postma Primêre Skool. Dit is ook die skoolsaal waar die gemeente sy eerste dienste gehou het na die stigting. Die dinee is bygewoon deur 314 lidmate en was soos alle ander gebeurtenisse van die naweek ‘n gesellige samesyn van mense wat besef dat die Here nooit sy volgelinge alleen laat nie.

Die gedekte tafels

Die gaste in gesellige luim

Die studente en jong klomp het sommer hulle eie tafel gereël en die dinee as groep geniet.

Fanie en Martie le Roux saam met dr Hubrecht en Rita van Dalsen tydens die dinee

Terug na inhoud

Tekeninge van die laerskool katkisasie-kinders oor hoe hulle die 50-jarige bestaan van die gemeente sien, is teen die mure van die saal uitgestal:



Teen die middag 15:00 het die gaste begin vertrek en het ook die fees verrigtinge tot 'n einde gekom – 'n dankbare gemeente vir sy 50 jaar van Genade, maar met die wete "Nie met mag en krag sal jy slaag nie, maar deur my Gees, sê die Here die Almagtige"

Terug na inhoud

En daarvoor is die Woord van die Here vir elkeen van die 633 lidmate gegee.

(Hierdie gedeelte is as artikel na die Kerkblad gestuur)

Terug na inhoud

ANDER FOTO'S OP 15 -16 OKTOBER GENEEM
PREDIKANTE AAN DIE WOORD

Ds en mev Kruger

Dr van Dalsen aan die woord

Ds Potgieter aan die woord

Terug na inhoud

Ds Kobus Botha lei die diens op 16 Oktober 2011

Terug na inhoud

MEV DRIEKS SNYMAN SE BOODSKAP

Die Voorsitter van die Halfeeufeeskomitee

Bloemfontein Noord Gereformeerde Kerk

Bloemfontein 11 Oktober 2011

Beste broeder Gerrit Kruger

Dit is met groot spyt dat ek u moet laat weet dat ek ongelukkig nie die feesviering rondom die 50 jarige bestaan van die kerkgebou kan bywoon nie. My gesondheid het die afgelope maand drasties verswak en die dokter het my ten sterkste afgeraai om te reis.

Ek het net die mooiste herinneringe aan die bouproses van 50 jaar gelede. Daar was baie min haakplekke en die bouery het sonder enige probleme afgeloop. Een aspek wat vir my uitstaan is die pragtige samewerking wat daar was tussen die gemeentelede. Die fondamente van die kerkgebou staan spreekwoordelik op tuisgemaakte lekkergoed ,wat die susters weekliks gemaak en op Saterdae op die straathoeke verkoop het! Dit was vir my 'n groot voorreg om my man en die gemeente te kon ondersteun in die grootse taak van kerkbou. Dit is vir my besonder toepaslik dat die embleem van die halfeeufeesviering 50 jaar van genade uitbeeld, want die Here se genade was oorvloedig tydens die bouproses. Ek loof die Here veral dat kerkbou in Sy koninkryk verder strek as die fisiese geboue waarin ons gereeld bymekaar kom om Sy naam te loof en te prys. My bede is dat Sy kerk op aarde al hoe meer uitgebrei sal word en dat ons elkeen lewende stene hierin sal wees, onder leiding van die Heilige Gees.

Baie dankie vir die vriendelike uitnodiging en reëlings om in die feesvieringe te kon deel. Ek sal dit waardeer indien u my mooiste wense en hartlike groete aan die kerkraad en gemeente kan oordra. Ek dra julle gemeente en die verrigtinge van die naweek aan die sorg van die Here op.

Ek groet u in die naam van Jesus Christus.

Drieks Snyman

Terug na inhoud

Die Gereformeerde Kerk Bloemfontein-Noord het op 15 Oktober 1961 met ongeveer 240 lidmate van die Gereformeerde Kerk Bloemfontein-Wes (nou Vleuels) afgestig. Die lidmaatgetal het deur die jare gegroei tot 623 op 1 Augustus 2011.

Die gemeente is oor die 50 jaar bedien deur 5 predikante, nl ds Lood Snyman (1962 – 1966), ds de Wet Kruger (1967 – 1970), dr Hubrecht van Dalsen (1971 – 1998), ds Theuns Potgieter (1998 – 2008). Sedert Desember 2008 is ds Kobus Botha die predikant.

Afgesien van gereelde katkisasie, jeugaksies en Bybelstudiegroepe, het die gemeente ‘n noue verbintenis met die Pres Kruger-kinderhuis te Reddersburg. Ook op sendinggebied bestaan daar sedert 1975 ‘n Lesotho-uitreikaksie wat betrokke is by die Gereformeerde gemeentes Bethel in Mafeteng en Thaba Khubetsoana te Mohaleshoek.

Dit duidelik dat God hier aan die noordekant van Bloemfontein hierdie gemeente geroep het om die Evangelie uit te dra en dat hulle daagliks bewus is van sy seënende Hand van Genade.

Aan Hom al die eer vir **50 Jaar van Genade**.

Terug na inhoud